Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2017

# ONTWERP P1

**PUNTE:** **100**

**TYD** **3 uur**

Hierdie papier bestaan uit 13 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Daar is VYF vrae in hierdie vraestel.

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees die vrae en die instruksies vir elke vraag baie aandagtig.

4. Antwoord in volsinne. Geen punte sal toegeken word vir die notering van feite nie.

5. Gebruik die puntetoekenning om te bepaal hoeveel feitelike inligting benodig word en hoeveel tyd aan elke vraag bestee moet word.

6. Geen punte sal toegeken word deur dieselfde feite en voorbeelde van verskillende vrae te herhaal nie.

7. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

## VRAAG 1

## VISUELE GELETTERDHEID: ONGESIENDE WERK

1.1



**FIGUUR 1: 'Scarified Udu'-vaas** deur Andile Dyalvane, Imiso Keramiek, Kaapstad.


1.1.1 Met verwysing na die keramiek vaas in **FIGUUR 1** hierbo gesien ontleed enige VIER van die volgende terme:

- Vorm
- Kleur
- Beweging
- Tekstuur
- Fokus/Klem
- Kontras (8)

1.1.2 Identifiseer EEN manier waarop die keramiekvaas in FIGUUR 1 inheemse identiteit weerspieël. Ondersteun jou antwoord. (2)

Kopiereg voorbehou

1.2




**FIGUUR 2: Propaganda-plakkaat** deur Surinder Singh, Londen.

1.2.1 Verduidelik die doel van ŉ propaganda-plakkaat en hoe dit met die normale doel van 'n gewone plakkaat vergelyk. (2)

1.2.2 Bespreek die plakkaat in **FIGUUR 2** deur ŉ analise van die SIMBOLIESE gebruik van die volgende:

- Gebruik van beelde
- Gebruik van kleur (4)


1.3




**FIGUUR 3: Logo ontwerp**

Die logo in **FIGUUR 3** hierbo word gesien as ŉ suksesvolle logo. Identifiseer TWEE *Gestalt beginsels* wat in die logo toegepas word <u>en</u> die manier waarop hul tot die sukses van die logo bydra. (4)

1.4




**FIGUUR 4: Vroueregte plakkaat**

Kies DRIE van die volgende terme *met spesifieke verwysing na die plakkaatontwerp* in **FIGUUR 4** om jou begrip te verduidelik van:

- Stylering
- Serifs
- Omgekeerde teks
- Kerning (6)

1.5 Bestudeer die beelde wat in **FIGUUR 5** en **FIGUUR 6** hieronder gesien word en beantwoord die vrae wat volg.




**FIGUUR 5**




**FIGUUR 6**

VERGELYK **FIGUUR 5** en **FIGUUR 6** volgens die beelde en teks om die gebruik van stereotipering te verduidelik. (4)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ONTWERPGESKIEDENIS EN POPULÊRE KULTUUR

### VRAAG 2: INTERNASIONALE GESKIEDENIS VAN ONTWERP

**(KUNS EN KUNSVLYTBEWEGING; ART NOUVEAU; BAUHAUS; ART DECO; DE STIJL; MODERNISME; SKANDINAWIES)**

2.1



**FIGUUR 1:**
**Skandinawiese stoel.**



**FIGUUR 2:**
**Art Deco klub-stoel.**

Skryf ŉ opstel waarin jy die ontwerpe in **FIGUUR 1** en **FIGUUR 2** vergelyk om te wys hoe elkeen die ontwerpstyl van die beweging wat dit verteenwoordig weerspeël.

Jou opstel moet die volgende vir elke beweging insluit:

- EEN doel (2)
- EEN invloed (2)
- DRIE algemene karaktereienskappe (6)

(Moet nie tabelle of opskrifte gebruik nie. Skryf ŉ vergelykende opstel deur paragrawe te gebruik.)

Kopiereg voorbehou

2.2




**FIGUUR 3: Verpakkingsontwerp vir 'n haarproduk.**




**FIGUUR 4: Verpakkingsontwerp vir 'n haarproduk.**

Die verpakkingsontwerp in FIGUUR 3 weerspieël invloede van Art Nouveau, en die verpakkingsontwerp wat in FIGUUR 4 weerspieël word toon invloede van die De Stijl beweging.

In TWEE afsonderlike opstelle, pas jou kennis toe deur te verwys na hoe elke ontwerp die styl/eienskappe van die verskillende bewegings weerspieël: Gebruik die volgende in jou opstelle:

- Onderwerp
- Kleur
- Balans
- Lyn (8)

2.3



**FIGUUR 5: Hangende lighouer** deur Mission Studio, V.S.A.

Die hedendaagse lighouer in **FIGUUR 5** word deur die Kuns en Kunsvlytstyl beïnvloed.

Verskaf die volgende inligting:

- VIER karaktereienskappe van hierdie lighouer wat tipies ontwerpe van die Kuns en Kunsvlytbeweging naboots. (4)
- Hoe die produk in **FIGUUR 5** aan die beginsel van "truth to the materials" voldoen. (2)

2.4 2.4.1 *Die Bauhaus was nie net ’n pioniers opleidingsentrum nie, maar ook ’n plek van produksie.* Beantwoord die volgende vrae:

- Noem die naam van EEN Bauhaus ontwerp en die naam van die ontwerper. (1)
- ’n Kort analise van bogenoemde ontwerp. (3)

2.4.2 Bespreek hoe Bauhaus produkte en argitektuur die filosofie agter ‘vorm volg funksie’ vertoon. (2)

**[30]**

**VRAAG 3: POPULÊRE KULTUUR:**

Populêre Kultuur verteenwoordig die mense en media wat herkenbaar is van ’n bepaalde tydperk. Skryf ’n opstel waarin jy bespreek hoe <u>sosiale toestande</u> die populêre kultuur en tendense van TWEE ontwerptydperke gevorm het.
Gewilde Kultuur verteenwoordig die mense en media wat herkenbaar is van ’n bepaalde tydperk, (bv. Art Nouveau, Art Deco, Bauhaus, 1950’s, 1960’s, 1970’s, 1980’s).

(Moet <u>nie</u> gebruik maak van tabelle of opskrifte nie. Skryf ’n opstel deur paragrawe te gebruik. <u>Geen punte</u> sal toegeken word vir die herhaling van inligting in VRAAG 2 nie.) **[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING C: KONTEMPORÊRE, INTERNASIONALE, OMGEWINGS- EN SOSIALE ONTWERP

## VRAAG 4: OMGEWINGS-ONTWERP



**FIGUUR 1: *10x10 Laekoste behuising*, *'***Freedom Park' in Mitchellsplein, Kaapstad, deur MMA Argitekte.

*10x10 Laekoste behuising* is gebou deur gebruik te maak van plaaslike en goedkoop materiale. Die huise is gebou met die hulp van die 'Freedom Park' gemeenskap wat voorheen 'n informele nedersetting was. Elke huis kos R65 000, wat nuwe bekostigbare behuising verskaf in reaksie op stedelike armes. Die 'Ecobeams' stelsel van konstruksie vervang steen en mortel met sandsakke. Hierdie sandsakke was gevul met sand uit die duine en slegs 'n paar honderd meter van die konstruksieterrein. Sonpanele is ook geïnstalleer.

4.1 Bestudeer die beelde in **FIGUUR 1** en die inligting wat daaronder verskaf is. Verduidelik jou begrip van die volgende terme met betrekking tot die beelde en inligting wat verskaf word.

- Koolstofvoetspoor
- Volhoubare ontwerp
- Groen ontwerp (3)

4.2




**FIGUUR 2: Wêreld-Waterdag 2012** plakkaat deur Al Ain Zoo.

Met verwysing na **FIGUUR 2** verduidelik hoe die plakkaat bewustheid skep van omgewings- en sosiale lewensomstandighede.

Verduidelik jou antwoord deur te verwys na die beeld en teks soos gesien in beide panele van die plakkaat. (4)

4.3 Bespreek die werk van EEN Internasionale ontwerper of ontwerpgroep wat jy bestudeer het, wie se werk duidelik omgewingskwessies aanspreek.


Sluit die volgende in jou opstel in:

- Die naam van die ontwerper of ontwerpgroep
- Die ontwerper/ontwerpgroep se doelstelling en benadering tot ontwerp
- Die naam van ŉ ontwerp deur die ontwerper/ontwerpersgroep en ŉ verduideliking van hoe hierdie produk of produkte omgewingskwessies aanspreek (8)

**[15]**

## VRAAG 5: SOSIALE VERANTWOORDELIKE ONTWERP

Bestudeer die onderstaande beeld en teks in FIGUUR 1 en beantwoord die vrae wat op die volgende bladsy volg.




**FIGUUR 1:** ***Andyloo*** deur Ben Mfazwe, Oos-Londen, Oos-Kaap.

**FIGUUR 1** op die vorige bladsy toon die *Andyloo*, ’n waterlose toilet, ontwerp deur Ben Mfazwe, oorspronklik van die platteland in die Oos-Kaap. Alhoewel hierdie waterlose toilet vir ’n enkele huishouding oorspronklik bedoel is, kan die *Andyloo* deur 90 mense sonder enige probleme gebruik word.

5.1 Verskaf DRIE redes waarom die Andyloo as ’n sosiaal verantwoordelike produk beskou kan word. (3)

5.2 Skryf oor die werk van EEN Suid Afrikaanse en EEN internasionale sosiale verantwoordelike ontwerper of ontwerpgroep.

Skryf TWEE aparte opstelle waarin jy die volgende insluit:

- Naam van die ontwerper / ontwerpgroep
- Doelwitte en sosiale verantwoordelikhede
- Invloede
- Algemene karaktereienskappe
- Die titel en beskrywing van EEN werk deur die ontwerper en ’n verduideliking hoe hierdie werk duidelik sosiale verantwoordelikhede aandui.

(Dui aan watter sosiale verantwoordelike ontwerper/ontwerp groep Suid-Afrikaans is en watter een internasionaal is.) (12)

**[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou